MAKKERHULP

AKTIWITEIT 01: GROEPDINAMIESE PROSES

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger in te skakel by groot sowel as kleingroepe.

STANDAARDE
a) Dat die kursusgangers mekaar leer ken.
b) Dat die kursusgangers 'n duidelike beeld van die kursusdoelwitte kry en hoe dit die doelstellings van die Voortrekkers kan bevorder.

AKTIWITEIT 02: NOODHULP

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusleier geleentheid te bied om die kursusganger se kennis van noodhulp te evalueer.

STANDAARD
a) Dat die kursusganger se noodhulpkennis getoets word d.m.v. ‘n begripstoets of vasvrae.
b) Dat die kursusgangers se ervaring in ag geneem word met die indeling van groepe.

AKTIWITEIT 03: PERSOONLIKE OPTREDE

SPESIFIEKE DOELWIT
Om by die kursusganger die beginsel van korrekte optrede teenoor alle klaers, offisiere en ander persone in te skerp.

STANDAARDE
a) Dat die kursusganger 'n korrekte gesindheid teenoor 'n klaer sal openbaar.
b) Dat die kursusganger sy optrede teenoor die kampkomitee en kombuispersoneel sal evalueer.
c) Dat die kursusganger die korrekte optrede teenoor ander mediese personeel sal aanleer.

AKTIWITEIT 04: ADMINISTRASIE

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger bewus te maak van belangrike administratiewe inligting vir mediese belang.

STANDAARDE
a) Dat die kursusganger die waarde van sekere inligting op die inskrywingsvorm besef en daarvolgens kan beplan.
b) Dat die kursusganger die basiese inligting wat in die kampbrief en kampreëls vervat moet word kan identifiseer rakende kampgesondheid.

AKTIWITEIT 05: WATER

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger bewus te maak van die belangrikheid van veilige water vir kampe, staptoere en fietstoere.

STANDAARDE

a) Dat die kursusganger die vermoë sal ontwikkel om te onderskei tussen die suiwerheid van drinkwater en gebruikswater.
b) Dat die kursusganger verskillende water suiweringstegnieke bemeester.
c) Dat die kursusganger die belang van voldoende waterinname al besef.

AKTIWITEIT 06: KOMBUIS

SPESIFIEKE DOELWIT

Om aan die kursusganger die verskillende faktore in die kampkombuis wat 'n invloed op die kampers se gesondheid kan te leer.

STANDAARDE

a) Dat die kursusganger vertroud raak met basiese kombuishigiëne.
b) Dat die kursusganger die rol wat afval, vuil waswater, ens. speel in siekteverspreiding ken.

AKTIWITEIT 07: KAMPHIGIëNE

SPESIFIEKE DOELWIT

Om die waarde van algemene kamphigiëne by die kursusganger in te skerp.

STANDAARDE

a) Dat die kursusganger die verskillende faktore waaraan by 'n kamp inspeksie in sy geheel aandag gegee moet word ken.
b) Dat die kursusganger die tentoffisiere kan adviseer oor tentinspeksie en persoonlike inspksie van kinders.

AKTIWITEIT 08: SIEKEKAMER

SPESIFIEKE DOELWIT

Om die kursusganger die nodige kennis en vaardigheid te laat opdoel om 'n siekekamer of tent gerieflik en sinvol in te rig.

STANDAARDE

a) Dat die kursusganger die vereistes waaraan 'n siekekamer/tent moet voldoen ken.
b) Dat die kursusganger 'n siekekamer/tent gerieflik sal kan inrig.
c) Dat die kursusganger 'n lys van benodigde toerusting kan opstel aan die hand van 'n kontrolelys.

AKTIWITEIT 09: NOODHULPTAS

SPESIFIEKE DOELWIT

Om die kursusganger die nodige inligting te gee wat benodig word om 'n noodhulptas vir verskillende geleenthede te pak en te gebruik.

STANDAARDE

a) Dat die kursusganger sal kan onderskei watter inhoud in 'n spankamp, daguitstappie, fietstoer, staptoer en kommandokamp noodhulptas gepak moet word.
b) Dat die kursusganger vertroud is met die gebruik van al die inhoud van die noodhulptas.
c) Dat die kursusganger die ontvangs en uitdeel van medisyne op span en kommandokampe kan beheer.

AKTIWITEIT 10: ONDERSOEK VAN 'N PASIëNT

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger die vaardigheid te laat aanleer om 'n pasiënt sinvol te ondersoek.

STANDAARDE
a) Dat die kursusganger 'n basiese ondersoek vinnig en doeltreffend kan uitvoer en daaroor verslag kan doen.
b) Dat die kursusganger die vermoë sal hê om 'n pasiënt se probleem in 'n prioriteitsvolgorde te plaas.

AKTIWITEIT 11: SIEKETOESTANDE

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger op te lei om sekere algemene siektetoestande na sy vermoë te hanteer.

STANDAARD
a) Dat die kursusganger van ondergenoemde beserings en mediese toestande kennis neem, voorkom waar moontlik, na vermoë kan hanteer tydens 'n kamp of toer en verwys waar nodig.
b) Dat die kursusganger duidelik sal kan onderskei tussen pasiënte wat afgevoer moet word en die wat op 'n kamp of toer behandel kan word.
c) Dat die kursusganger die improvisasietegnieke sal bemeester waar nodig vir behandeling.

1. Wonde, frakture, verstuitings, spierbeserings, voetblase.
2. Oorpyn, keelseer, ooginfeksie, vreemde voorwerpe in oog en oor.
3. Slangbyt, skerpioensteek, insekbyt, giftige plante ingeneem bloublasies.
4. Dehidrasie, hitte-uitputting, koue, bevriesing.
5. Kardiopulmonale resusitasie, hartaanval, koma, hiperallergie, electriese skok, onderdompeling.
6. Verkoue, hooikoors, sinusitis, brongitis, asma, kroep.
7. Hartaanval.
8. Diaree, braking, gastro-enteritis, hardlywigheid, sooibrand, blindederm.
9. Epilepsie, meningitis, hoofpyn, beroerte, hoofbesering.
10. Sonbrand, brandwonde, veluitslag, wintershande.
11. Rugpyn, gewrigspyn, tandpyn, spierpyn.
12. Aansteeklike siektes.
13. Bosluisbyte, malaria, cholera, bilharzia.
14. Geveinsde simptome, hiperventilasie, psigosomatiese siektes.
15. Diabetus/kosallergie.
16. Basiese ginekologiese probleme, urieneweg infeksies.
17. Gestremdheid.

AKTIWITEIT 12: EVALUERING

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger geleentheid te gee om die kursus te evalueer.

STANDAARDE
a) Dat die kursusganger die kursus op die gegewe vorm evalueer.
b) Dat die kursus op 'n gepaste wyse afgesluit word.